DIE VOORTREKKERS TRANSVAAL
SWARTVLEI 2022 KAMPBRIEF

8 April 2022

Geagte voornemende Kampeerder en Ouer

Ons nooi jou graag uit na die 28ste Swartvlei Seekamp wat nou by **Boknes Voortrekker Kampterrein** gehou word in die Oos-Kaap. Ons sien baie uit om saam met julle te kamp na ons vir twee jaar nie kon kamp nie!

Kamp Datums: Sondag 26 Junie om 9:00 tot en met Saterdag 2 Julie 2022.

Vervoer: Busse vertrek vanaf die Voortrekker Monument Saterdag 25 Junie en arriveer weer Sondag 3 Julie by die Voortrekker Monument. Maak asseblief voorsiening vir jou eie etes sou jy vroeër arriveer met eie vervoer, aangesien die eerste ete wat voorsien sal word Sondag middag sal wees.

Kamptema: "Onder eie seile"

Spesialisasies: Daar word beperkings geplaas op die aantal inskrywings van die verskillende spesialisasies. Skryf dus so vinnig as moontlik in om teleurstelling te voorkom.

Divisie	Teiken Groep	Plekke beskikbaar
Kleuters (Slegs vir diensdoenende volwassenes se kinders)	000-GrR	20
Seepret (Slegs vir diensdoenende volwassenes se kinders)	Gr 1	20
See waarneming (Slegs vir diensdoenende volwassenes se kinders)	Gr 2	
See Versamelkuns (Slegs vir diensdoenende volwassenes se kinders)	Gr 3	20
Seekennis	Gr 4	30
See-Dierekennis	Gr 5	30
Kus-Ekosorg	Gr 6	30
Staptogte	Gr 6	40
Riviermondings	Gr 6	30
Strandbewustheid	Gr 7	60
Erfgrond	Gr 7	20

Huisvesting: Dogters slaap in kamers met stapel beddens. Seuns sal in tente slaap wat verskaf word. Ouers/Offisiere moet eie tente of karavane verskaf. Kinders van diensdoenende offisiere/ouers jonger as graad 3 slaap wel by hulle ouers.

Daar is 'n paar beperkte tente beskikbaar sowel as kamers te huur oorkant die kamp terrein vir ouers/offisiere. Meer inligting kan verkry word van Admin soos onder gelys.

Addisionele kostes per persoon sal gehef word vir oorslaap voor en na die kamp amptelik begin en eindig.

Inskrywings: Die aanlyn inskrywings maak op **22 April 2022** oop en die sluitingsdatum vir inskrywings is **6 Mei 2022** of wanneer plekke bereik word**.** Die skakel na die elektroniese inskrywings sal beskikbaar wees op ons webwerf www.swartvlei.co.za nader aan die tyd.

Kampgelde:

Penkoppe, Drawwertjies en Verkenners	-	Met bus vervoer R2550, Eie vervoer R1800.
Volwassenes	-	Met bus vervoer R2000, Eie vervoer R1500
Voorskoolse kinders ouer as 2 jaar	-	Met bus vervoer R2350, Eie vervoer R1600.

*Kinders jonger as 2 jaar kamp gratis.

'n Deposito van R1 500 per persoon verseker jou plek en moet deur jou Kommando oorbetaal word aan Swartvlei teen 30 April 2022. ***Neem kennis dat die kostes verhoog kan word met 'n addisionele 10%-20% sou die petrol en diesel kostes aanhou styg.*** Afslag kan versoek word vir gesinne van 4 of meer.

Fakture vir die balans sal uitgereik word aan kommando's wat onmiddellik betaalbaar is aan Swartvlei en alle Swartvlei kamp gelde moet teen 16 Mei 2022 ontvang word.

Snoepie geld kan nou ook op die inskrywing aangedui word en inbetaal word saam met die kampgelde of kan by die kamp by Admin of Finansies inbetaal word.

'n T-hemp en mus is by die kampgelde ingesluit.

Registrasienommer: Dit is uiters belangrik dat die jeuglede se inskrywings vergesel word van 'n Voortrekker-registrasienommer. Ouers/Volwassenes wat die kamp gaan bywoon en nie Heemraadslede is nie, moet registreer as 'n Vriend van die Voortrekkers by hulle Kommando of 'n Vrywaringsvorm voltooi.

Kansellasies: Indien 'n inskrywing ná **31 Mei** gekanselleer word, verbeur die persoon sy volle inskrywingsgeld. Die enigste uitsondering is waar die persoon onttrek a.g.v. COVID-19 en 'n mediese sertifikaat deurstuur wat dit aandui.

Kursusbenodighede: 'n Inpaklysie en kenteken benodighede sal elektronies beskikbaar wees op die Swartvlei webwerf teen einde Mei 2022.

Covid-19: Elke persoon skryf vrywillig in en kamp op eie risiko. Die kamp sal sover moontlik by die Covid-19 regulasies hou. Elke kamper is wel verantwoordelik om die Covid-19 riglyne ten alle tye te volg. Geen persoon sal op die kamp toegelaat word indien hulle by aankoms enige van die Covid-19 simptome het nie.

POPI: Daar word deurgaans foto's en video's van die kinders tydens kampaktiwiteite geneem. Dui a.s.b op die inskrywing aan sou die jeuglid nie op 'n foto mag verskyn nie.

Inligtingsvergadering: Daar is 'n opleiding- en inligtingsvergadering vir offisiere en alle volwassenes wat gaan kamp op 14 Mei 2022, 9:00 -12:00 by Sytze Wierda Voortrekkers, 149 Fiederiche Straat, Wierdapark, Centurion.

Groete

Bertus Fourie	Kampleier	Sel	082 921 5445
		e-pos	swartvlei.kaptein@gmail.com
Ingrid Fourie	Admin	Sel	082 4635 278
		e-pos	swartvlei.pdkamp@gmail.com
Anita Bezuidenhout	Kamp Finansies	Sel	082 451 1549
		e-pos	swartvlei.finansies@gmail.com